

Lees: Luk.2:8-20

Teks: Luk.2:17,20 (Kersfees en Nuwejaar)

Datum: 26 Desember 2021 Wilropark

Psalms: 92:1,2; 92:6,7; 86:6; 90:1,2,9; 68:9,13

### 1. Inleiding

Kersfees 2021 is ook al weer iets van die verlede. Niemand dink meer daaraan nie, behalwe as hulle na hulle leë beursies kyk. Kersfees is agter die rug, maar die wrange nagevolge van spandabelrigheid en brassery vir baie nog nie. Maar origens is Kersfees 2021 vergete. Wie dink nou nog daaraan?

Ja, *wie* dink nog daaraan? Hopelik dink u nog daaraan. Nee, ek bedoel nie die wêreldse plesier van daardie tyd nie. Ek bedoel: die boodskap van Kersfees, dit waaraan ons dink op daardie dag: die koms van Christus in die wêreld. Dit is te hope dat dit u so aangryp het, dat dit u vir altyd sal bybly en dat u dit nooit weer sal vergeet nie. Dit is te hope dat die Kersboodskap 'n blywende indruk op u sal maak en 'n stempel sal plaas op die Nuwe Jaar 2022.

Kersfees en Nuwejaar, wat het die twee nou eintlik met mekaar te make? Vir die meeste mense totaal en al niks nie: Nuwejaar is Nuwejaar en Kersfees 2021 is Oujaar. Verby. Vergete. Dit sink weg in die put van vergetelheid.

Maar is dit hoe dit hoort? Geensins nie. In ons teks sien ons heeltemal iets anders.

**TEMA: die herders het op Kersdag iets gesien en gehoor, wat ook hulle Nuwejaar verander het**

Kom ons gaan kyk daarom na hierdie bekende geskiedenis en dan hou ek my by twee hoofpunte:

1. Wat die herders gesien en gehoor het
2. Waartoe dit wat hulle gesien en gehoor het hulle aangespoor het

#### 2.1 Wat die herders gesien en gehoor het

In ons teksverse is twee keer sprake van *hoor en sien*. Wat het hierdie manne gehoor? Wat het hierdie herders gesien?

➤ Hulle het *eerstens* iets te *hore* gekry.

En wat het hulle nie te hore gekry nie! Eers 'n preek van 'n hemelse boodskapper en toe 'n lofsang van 'n hemelkoor! 'n Preek en 'n lied met 'n boodskap nie alleen vir

Kersfees nie, maar 'n boodskap van ewigheidswaarde, 'n boodskap op uit te lewe elke dag van ons lewe en dus ook elke dag van die Nuwejaar.

- Eers het daar 'n engel van God uit die hemel aan hulle verskyn. So belangrik was sy **boodskap**, dat God dit nie in mensehande wou oorlaat om dit bekend te maak nie.

Die boodskap het ons in vers 10 tot 11: "Moenie vrees nie, want kyk, ek bring julle 'n goeie tyding van groot blydschap wat vir die hele volk sal wees, dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker wat Christus, die Here, is."

Die **SALIGMAKER** noem die engel die Kind in die krip. Ons kan dit ook vertaal met Redder of Verlosser.

So is die Romeinse keisers sedert die tyd van Julius Ceaser ook genoem: verlosser van die wêreld. Ook keiser Augustus wat regeer het in die tyd van die geboorte van Christus, is met hierdie titel vereer. Hy was immers die man wat na vele oorloë en burgeroorloë eenheid, vrede, stabiliteit en voorspoed in die Romeinse Ryk gebring het. Daarom het die Romeine vir hom 'n ontsaglike groot marmerbeeld opgerig wat hom vereer het as die uiteindelik gekome Heiland van die wêreld. Maar – hoe tragies tog – van die grootste nood kon hy die wêreld nie red nie: die sonde!

En daarin is die Saligmaker wat op Kersdag gebore is, totaal anders. Hy red van die sonde in sy volle omvang. Hy verlos ons van die skuld, die mag en die gevolge van die sonde:

= Ons is die dood skuldig, maar hierdie Saligmaker het gekom om ons skuld te betaal. Hy is gebore om ons straf op Hom te neem.

= Hy het gekom om die mag van die sonde te breek. Die sonde is 'n mag wat menseleuens verwoes. Dit slaan menseverhoudings in die huwelik, die gesin, die werksplek en die kerk stukkend. Maar hierdie Saligmaker kan ons van hierdie vernietigende mag red.

= Hierdie Saligmaker red ook van die gevolge van die sonde soos siekte en dood.

Dit is die boodskap van die engel op die eerste Kersdag. En dit is tog nie 'n boodskap net vir Kersdag nie?

- Maar nog het die herders nie klaar gehoor nie. Na die preek uit die hemel het daar opeens **ook 'n hemelse koor** aan hulle verskyn.

'n Menigte van 'n hemelse leërskaare het God geprys en gesing: "Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, vir die mense in wie God 'n welbehag het"

= In hierdie Psalm leer die engelesangers ons wat ons reaksie op Kersfees moet wees: "Eer aan God in die hoogste hemele...". Ja, die Saligmaker is gebore. God het Hom vir ons gegee, die God van saligheid, die God van Wie die saligheid kom::

"Wie sou Hom dan nie dank bewys

die God van saligheid nie prys

met al die hemelinge..." (Ps.68:9).

Ons verlossing is net God se werk. Aan Hom alleen die eer vir die saligheid.

= In hulle lied leer die engele ons ook wat die Saligmaker bring: vrede, vrede op aarde vir diegene wat in Hom glo. Dit beteken: vrede met God, vrede met ons medemens. En die geheim van daardie vrede is: Hy verlos ons van die sonde wat ons verhouding met God en ons naaste bederf. Daarvoor het Hy gekom.

Is dit 'n boodskap net vir Kersdag? O nee, dit is 'n lied wat ons sal troos elke dag van die Nuwejaar.

Die paradysvrede van weleer is terug en die vrede van die nuwe paradys wat kom , breek deur danksy die Saligmaker wat gebore is.

➤ ***Tweedens*** het die herders ook iets ***gesien***.

En wat het hulle nie te siene gekry nie: die Seun van God in 'n krip, die Koning van alle konings nie in 'n paleis nie, maar in 'n stal. Ja, dit het hulle te siene gekry: die Seun van God wat in ons ellende neergedaal het om ons daaruit te verlos. Dit het die herders te siene gekry: die Lig van die wêreld wat skyn in die duisternis van hulle sondaarsbestaan. En as teken dat die ware lig wat elke mens verlig en die wêreld gekom het, het 'n engel aan hulle verskyn en die heerlikheid van die Here het rondom hulle geskyn.

Daardie lig kan tog onmoontlik nie net vir Kersdag bedoel wees nie? Dit is tog sekerlik bedoel om ons ganse donker, duister sondaarsbestaan te verlig? Ja, die lig van Kersfees moet skyn van die een einde van ons bestaan tot die ander einde daarvan en van die begin van 2005 tot die einde daarvan.

❖ 'n Paar herders staan by die krip van Betlehem. Verwonderd. Diep ontroerend oor dit wat hulle op die dag te hore gekry het: die preek van die engel en die sang van die engelekoor. Tot in die diepste wese aangegryp deur die Godswonder wat hulle

gesien het: die Seun van God, ware mens. Dit is Kersfees in die jaar nul. Dit is die eerste Kersfees in die wêreldgeskiedenis. Ek dink hulle sou daardie oomblik vir altyd wou vashou.

Maar... dit is nou maar deel van die gebrokenheid van ons bestaan: aan alles kom 'n einde. 'n Dag duur nie vir altyd nie en op 'n stadium moet ons ook weer verder gaan. So was dit ook met hierdie herders. Op 'n stadium moes hulle gaan. Toe was Kersdag, die heel eerste Kersfees, vir hulle ook verby. Iets van die verlede. *Iets van die verlede?!!* Was dit toe werklik iets van die verlede vir hierdie manne? 'n Gebeurtenis wat weggesink het in die grou-grys newels van die geskiedenis? Ek glo nie. Lukas 2 laat ons iets anders sien.

Kom ons kyk na die tweede punt:

## 2.2 Waartoe dit wat hulle gesien en gehoor het, hulle aangespoor het

Ek glo dit nie dat dit die bedoeling van die Kersgebeure is dat dit net sy lig sal laat val op 25 Desember nie.

Inteendeel, dit is die bedoeling dat die lig van Kersfees sal val oor die hele lewe, oor die ganse Nuwejaar, oor die jaar 2022, 2023, 2024, ens. Die geboorte van Jesus maak ons hele lewe Kersfees. Ek sal verduidelik wat ek bedoel:

Die reaksie van die herders van Betlehem op die Kersevangelië was tweërlei: *eerstens* het hulle, om dit nou maar so te stel, na die *aarde* toe gereageer. *Tweedens* het hulle na die *hemel* toe gereageer.

➤ ***Eerstens*** het hulle na die ***aarde*** toe gereageer:

Hulle kon dit wat hulle gesien en gehoor het, nie vir hulleself hou nie: "En toe hulle dit gesien het, het hulle oral die woord bekend gemaak wat aan hulle van dié Kindjie vertel is".

Hulle het oral die woord bekendgemaak wat hulle van dié kindjie vertel is. Dit het hulle nie gepla dat dat hulle nie geleerde mense was nie. Hulle het nie gaan skuil agter die argument dat hulle nie dominees is nie. So diep was hulle deur die hemelse wonder aangegryp, dat hulle doodeenvoudig nie kon stilbly nie. Na Kersdag van die jaar nul het hulle nog daarvoor getuig. Na Kersdag het hulle nog Kersdag verkondig. So gaan dit as 'n mens vol is van die evangelie. So gaan dit as jy tot in die diepste diepte van jou bestaan aangegryp is deur die wonder van die blye boodskap: dan wil jy ook praat daarvoor en jy bly daarvoor praat. Jy praat daarvoor op Kersdag en na

Kersdag, op Sondag en na Sondag. Jy bly praat oor die hemelse geskenk ook in 2022 en verder.

Dit is wonderlik, nie waar nie, dat die eerste menslike predikers van die Kersboodskap nie 'n klomp geleerde skrifgeleerdes was nie, maar eenvoudige skaapherders. Dit is wonderlik dat God nie 'n paar vroom Fariseërs eerste gebruik nie, maar 'n paar mense met 'n slegte reputasie.

Uit die optrede van die herders kan ons veel leer. Hulle kon wat hulle gesien en gehoor het, nie vir hulleself hou nie. Hulle moes dit met ander deel. So is dit: God maak ons ryk, skatryk, met die boodskap van die evangelie, sodat ons ander ook daarmee gelukkig sal maak. Doen ons dit?

➤ *Tweedens* het hulle na die *hemel* toe gereageer:

In navolging van die engele wat God geprys het in hulle lied "Eer aan God in die hoogste hemele..." het hierdie eenvoudige manne dieselfde gedoen: "En die herders het teruggegaan en God verheerlik en geprys oor alles wat hulle gehoor en gesien het...". Hulle neem die lofprijsing van die engele oor.

Ellende-verlossing-dankbaarheid – ja, u ken die driedeling van die Kategismus. Die geboorte van Jesus is deel van daardie tweede stuk oor ons verlossing. God het sy Seun in ons ellende ingestuur om ons te verlos. Sal ons Hom ook daarvoor dank in 2022 en verder? Ja, ook in daardie opsig sal Kersdag 2021 sy nawerking moet hê in u lewe in die Nuwejaar. God wil in die Nuwejaar in woord en daad, in ons gebede en in ons eredienste geprys word nie alleen vir die kruis nie, maar vir krip en kruis, vir alles wat Hy in sy Seun vir ons gedoen het. Die ganse heilsgeskiedenis, van die stal tot die hemelvaart, moet blywend in ons gedagtes wees en ons daaglikse stem tot lofprijsing.

Ons moet aan die wêreld vertel wat 'n goeie God en Vader ons het.

### 3. Slot

Die geboorte van Christus en die ryk betekenis van sy koms in die vlees het iets te sê vir ons hele lewe, vir die lewe van elke dag.

Daarom kon ons ook aan die einde van 2021 vra: Wat is die betekenis van die geboorte van Jesus vir ons in die jare wat kom.

En nie net dit nie. Wat gaan ons maak met hierdie geboortegesiedenis maak? Gaan ons dit ook in die hele loop van die Nuwejaar uitdeel? 'n Kersgeskenk nie alleen vir Kersdag nie, maar 'n Kersgeskenk waarmee ons mense elke dag van 2005 bly kan

maak met 'n ewige blydschap. En gaan ons, gedagtig aan hierdie grootste Kersgeskenk van God aan ons, Hom nou elke dag prys? AMEN